Sondag 05 November 2017

Gebeurtenisse vir die Week:

Datum	Tyd	Gebeurtenis
13 November Maandag	18:30	FBK vergadering
09 November Donderdag	10:00 10:00	Senior Selgroep Tuiste vir Bejaardes Biduur: Ds. Willem Strauss
12 November Sondag	08:00 08:45- 09:00 09:00 10:15 12:00	Gebedsgroep "Lofkuikens in die Moederskamer" Nagmaal, Ds Suzanne van der Merwe Loftjokkers Teeskink – Kobus en Maureen de la Rey Sotho Erediens

Belydenisaflegging:
WORD 'N DISSIPEL

"Hy sê toe vir hulle: 'Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.'"

(Matteus 4:19)

Die diens word gesamentlik hanteer deur ds. Willem en ds. Corneil

VERGADERINGS:

FBK vergadering
06 November 2017 om 18h30
Gesamentlike Kerkraadsvergadering
04 Desember 2017 om 19h00

Die volgende jongmense lê vanoggend belydenis van geloof af – Baie welkom as belydende lidmate van Alberton-Suid:

Annay Barnard
Brandt van Niewenhuizen
Brendin Meyer
Clarise Pretorius
Dihan de Klerk
Dylan Dekker
Eben van Nieuwenhuizen
Hanroux Vos
Henk Coetzee
Jason Viljoen
Karla Dippenaar
Leander van den Berg
Lelanie Radyn
Miandri Bothma
Nadine Lourens
Xander Flemming
Zanae Jooste

Bankbesonderhede
ABSA – 631142 – 210580026

LERAARS
Leier: Ds. Corneil du Plessis – 082 772 8630
corneil@albertonsuid.com

Ds. Willem Strauss – 082 779 4389
willem@albertonsuid.com

Bedieningsassistent – Rentia Human
082 454 8033 rentia@albertonsuid.com

Saakgelastigde: Amanda Human
011 869 9700 amanda@albertonsuid.com

Bedryfshoof: Frikkie Schroeder
082 557 1953 bedryfshoof@albertonsuid.com

Musiekdirekteur – Rudolf Geldenhuis
071 675 1706 rudi@albertonsuid.com

Jaarlikse Potjiekos Kompetisie
Wanneer: Saterdag: 18 November 2017
Tyd: 13:30 – tot laat.
Waar: NG Kerk Alberton-Suid - in die tuin
Bring jou familie en vriende en skryf in.
R100 per inskrywing en R50-00 per persoon wat eet.

- *Pryse vir die beste Tema, Gees en Stalletjie!*
- *Beste voorgereg!*
- *Beste hoofgereg!*
- *Beste nagereg!*

Potjies moet reg wees vir beoordeling teen 18:15
Ons sorg vir die tuin, atmosfeer en musiek!
Geen oop vure op die gras toegelaat slegs op braaiers.
Kom kuier lekker saam!

Kontak: Marais Wessels 082 601 1026 of sien ons FB blad
Kerkkantoor: 011-869-9700
Alle fondse gaan vir die aankoop vir Icon Jeug se klankstelsel.

Biddag – Geweld, misdaad, droogtes – Woensdag 8 November 2017
Die Algemene Sinode van die NG Kerk het die insiatief geneem om alle gemeentes op te roep om op 8 Nov. geleenthede te reël met die oog op verootmoediging en voorbidding rondom die kommerwekkende voorkoms van misdaad en geweld en die erntige droogtes.
Ons nooi jou na een van twee geleenthede op 8 November by Alberton-Suid:
08h00 – Vir diegene wat naby werk en ook graag werknemers wil saambring;
19h00 – Vir diegene wat vroeg al en ver moet ry vir werk.

Voorbidding – Beroepingsproses
Ons versoek almal om asseblief die proses rondom die beroeping van ‘n nuwe leraar gedurig in gebed voor die Here te bring. Kom ons bid vir kandidate se veilige reis hierheen vir preekbeurte, hulle voorbereiding, die beroepingskommissie se voorbereidings, die onderhoude met kandidate en die finale besluit deur die Gesamentlike Kerkraad.

Belydenisaflegging 2018
Gaan jou tiener in 2018 belydenis aflê? Bly dan asseblief Sondag 12 November 2017 na die diens in die kerk agter vir die jaarlikse ouer gesprek.

Kerssangdiens:
Neem asseblief kennis dat die Kerssangdiens vanjaar plaasvind op Sondagaand 26 November. Teken hierdie datum solank aan en begin om julle vriende te nooi na hierdie heerlike gebeurtenis.

Senior Lidmate Bederf dag – 22 NOVEMBER
Ons Senior lidmate se bederf oggend word op 22 November gehou en nie op 23 November soos die kalender aantoon nie. Meer besonderhede later.

“SKEUR JULLE HARTE, NIE JULLE KLERE NIE.
KOM TERUG NA DIE HERE JULLE GOD TOE:
HY IS GENADIG EN BARMHARTIG;
HY IS LANKMOEDIG EN VOL LIEFDE.”
(JOËL 2:13)

Verjaarsdae

05 November Sondag	Petrus Coetsee, Jason Colyn, Van Zyl Janse van Vuuren, Charles Kuhn, Bianca Schoeman.
06 November Maandag	Grace Fourie, Izak Opperman, Monique Snyman, Annette Swanepoel, Tasha Swanepoel,
07 November Dinsdag	Zoë Armstrong, Johan Erasmus, Andre Myburgh, Gerhard van Wyk.
08 November Woensdag	Willie Beneke, Neville Brits, Vincent Jonker, Koekie Kok, Eben Serfontein, Elsa Smit, Elouise van As.
09 November Donderdag	Ria de Klerk, Ilva du Preez, Leroy Geldenhuys, Trudie Gilmore, Marcel Porteus, Sanet Sonnekus, Peet Strauss, Elaine Theron, Mijuane van Staden.
10 November Vrydag	Marie Badenhorst, Juan Bezuidenhout, Josie Geldenhuys, Pieter Kemp, Margo Lubbe, Monique Mijne, Jacinda Pieters, Garrett Rayson, Andre Swanepoel, Ann van Tonder, Marli van Wyk.
11 November Saterdag	Damon Harman, Anita Maritz, Amanda Pieters, Nick Strydom, Jesica van Staden, Marietjie van Zyl, Deon Wiesner.

Lief & Leed

Susan van Zyl 011 869 1787, Chris Botha 083 633 3188, Brenda Symons 079 984 4011.

Susan Pretorius – Sy is geskuif uit Hoë sorg na 'n gewone saal en sterk tans aan.

Gert Coetzee - Hy was in vir 'n rugoperasie. Ons is saam met hom bly dat dit 'n sukses was. Hy sterk tans aan by die huis.

Maak 'n bydrae of doen 'n betaling met SnapScan!

"HY WAT NIE SY KRUIS OPNEEM EN MY VOLG NIE, IS NIE WERD OM AAN MY TE BEHOORT NIE.
HY WAT SY LEWE WIL BEHOU, SAL DIT VERLOOR; EN HY WAT SY LEWE TER WILLE VAN MY VERLOOR, SAL DIT VIND"

(MATTEUS 10:38-39)

NB – NB – NB – NB – <u>NGKAS Kommunikasie Beampte</u> – NB – NB – NB – NB

Gegewe die veranderings wat tans binne die gemeente geïmplementeer word, het die Kerkraad ‘n behoefte om ‘n Kommunikasie Beampte op ‘n vaste termynkontrak vir ‘n 6 maande periode aan te stel. Die persoon sal verantwoordelik wees vir ‘n wye reeks aktiwiteite om gesonde kommunikasie binne en buite die gemeente te bevorder. Die persoon moet rekenaarvaardig wees en met alle vorms van digitale en ander kommunikasie vertroud wees en dit prakties kan aanwend. Die pos sal ook van die bekleër vereis om die inligtingsbronne te organiseer en bestuur. Tersiêre opleiding en/of uitgebreide ondervinding in die gebied van kommunikasie sal ‘n vereiste wees.
Aansoeke sluit 6 November 2017

Medeleraarspos

Beroepingsproses: Die Beroepingskommissie het ‘n kortlys van drie kandidate gefinaliseer met wie daar onderhoude gevoer sal word op 11 en 18 November. Hulle sal ook elkeen ‘n preekbeurt kom waarneem op die volgende datums: 12 November – Ds Suzanne van der Merwe
19 November – Prop Nico Lochner
26 November – Ds Natalia Strydom.
Ons nooi almal hartlik uit na hierdie geleenthede.

Ons nooi almal ook om asseblief vir ons julle terugvoer en menings oor die proses en die preekbeurte deur te gee na bedryfshoof@albertonsuid.com of op skrif by die kerkkantoor in te handig.